




Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)

Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika

Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074

E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Persoonlike en Sosiale Welsyn (Lewensvaardighede 1) – Graad 5

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS 'n swart of blou balpunt- of swart kokipen** te gebruik. (Moet asseblief nie potlode, kleuroplode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.) Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. (Sien voorbeeld 1 hieronder.) Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (Sien voorbeeld 2 hieronder.)

Voorbeeld 1:- 4. a b d

Voorbeeld 2:- 4. a d

Kampeer

Kampeer is een manier om 'n vakansie te geniet en in die buitlug te wees. Waarvoor moet jy kyk wanneer jy 'n kampeerterrrein bereik?

Eerstens, soek relatief hoë, gelyk grond. Daar is 'n mate van waarheid in die gesegde 'hoog en droog'. Kies 'n plek om jou tent op te slaan waar dit hoër is as die gebied rondom. Gedurende 'n storm sal die reën weg van jou tent vloei, vermy dus kampeerplekke in laagliggende gebiede. Jy behoort nooit jou tent teen 'n skuinste op te slaan nie, want jy gaan heelnaag uit jou slaapsak rol.

Kyk vir 'n nabygeleë waterbron. Water is van primêre belang wanneer gekampeer word. Vind 'n goeie plek om te kook. Moet nooit in jou tent kook nie. Die meeste kampeerterrreine het 'n braai-area en piekniektafel. Moet nooit 'n kampvuur laat brand as jy elders gaan nie.

Kies 'n ander plek vir skoonmaak. Kampeerterrreine het gewoonlik wasplekke en waterkrane. Moenie badkamers gebruik om jou skottelgoed te was nie. Moenie die flora met warm seperige water doodmaak nie. Gebruik biodegradeerbare seep en stort vuil water slegs in aangewese gebiede of waar dit nie skade sal aanrig nie.

Stel vas waar die vullisdromme is. Hou kampeerplekke altyd skoon. Versamel afval en hou dit saam en weg van jou tent.

Kies 'n kampeerplek met 'n mate van skaduwee. Dit is noodsaaklik om 'n skadukol te hê om in te ontspan gedurende die hitte van die dag. Maar 'n woord van waarskuwing, moenie jou tent onder bome opslaan as daar 'n moontlikheid van reën is nie. Jy is nie alleen 'n teiken vir weerlig nie, maar dit sal op jou reën lank na die storm bedaar het.



1. **Kampeer is voordelig want dit**

- (a) is 'n opwindende avontuur. (b) hoef nie 'n duur vakansie te wees nie.
(c) is gesond om in die buitlug te wees. (d) kan al bostaande wees.



Pas die redes in (a) – (d) by die stellings in vrae 2 – 5.

- (a) Hierdie is 'n basiese noodsaaklikheid vir kook en skoonmaak.
(b) Hierdie ontmoedig 'n inval van insekte in jou kampeerplek.
(c) Hierdie verseker dat reënwater nie op jou tent sal val nadat 'n storm bedaar het nie.
(d) Hierdie verseker dat reënwater nie onderdeur jou tent sal vloei nie.

2. **Moenie jou tent onder 'n boom opslaan nie.**

3. **Plaas jou tent op hoë grond.**

4. **Hou jou kampeerplek vry van afval.**

5. **Probeer om naby 'n waterbron te wees.**



6. **Waarna verwys die woord 'flora'?**

- (a) diere (b) plante (c) natuurlewe (d) grond

7. **Biodegradeerbare seep beteken dat die seep**

- (a) omgewingsvriendelik (b) ekologies uitdagend (c) herwinbaar (d) oplosbaar

Om 'n tent op te slaan

Een van die eerste dinge om te doen is om die grondseil oop te rol om te verhoed dat reën in jou tent inkom. Rek die tent na elk van die vier hoeke wat gestrek moet word. Voeg die tentpale in en hamer die penne in die grond in.

8. **Wat is die eerste ding wat jy behoort te doen voordat jy jou tent opslaan?**

- (a) Rol die grondseil oop. (b) Vind 'n geskikte plek.
(c) Rek die tent. (d) Voeg die tentpale in.

9. **Watter een van hierdie woorde is nie 'n 'pen' nie?**

- (a) stokkie (b) stif (c) paal (d) bo-lendeskyf

